# ’n Liturgie van aftrede

B.J. (Ben) de Klerk
Skool vir Kerkwetenskappe
Noordwes Universiteit
Potchefstroom kampus
POTCHEFSTROOM
E-pos: kwsbjdk@puk.ac.za

**Abstract**

**A liturgy of retirement**

*Retirement is one of the largest transitions in the life cycle of the human being. This article investigates the possibility of a liturgy of retirement and its application in practice. As retirement is closely connected to the concept of calling, the visionary calling in Isaiah 6 was investigated intensively. Control of the results was done from the viewpoint of two other visionary callings, Luke 5 and Revelation 1. A cursory metatheoretical literature study, as well as a qualitative empirical investigation, was conducted. A few practical guidelines are suggested in accordance with the finding that a liturgy of retirement should at least contain the following elements: wonder, humiliation, reconciliation, commitment and proclamation.*

**Opsomming**

**’n Liturgie van aftrede**

*Aftrede is een van die grootste oorgange in die lewensiklus van die mens. Hierdie artikel ondersoek die moontlikheid om van ’n liturgie van aftrede te praat en om dit in die praktyk te bring. Omdat aftrede in noue verband staan met roeping, is die roepingsvisioen van Jesaja 6 intensief basisteoreties nagegaan. Kontrole oor die resultaat is gedoen vanuit twee ander roepingsvisioene, Lukas 5 en Openbaring 1. Metateoreties is ’n kursoriese literatuurstudie en ’n kwalitatiewe empiriese ondersoek gedoen. Daarna is enkele praktykteoretiese riglyne in ooreenstemming met die bevinding gedoen, naamlik dat ’n liturgie van aftrede minstens die volgende momente bevat: verwondering, verootmoediging, versoening, verbintenis en verkondiging.*

# 1. Inleiding

Een van die grootste oorgange in die lewensiklus van die mens is aftrede (Winfield, 2004:65). Aftrede is ’n periode wat blootgestel is aan groot veranderinge, veral ná jare (ongeveer gedurende die veertig- tot sestigjarige leeftyd) waarin daar stabiliteit in die persoon se lewe ingetree het. Soms is daar met aftrede baie meer tyd beskikbaar, verhoudings verander, want kollegas speel nie meer so ’n groot rol nie, lewensdoelwitte verander en ’n verlies aan status kan ervaar word (Jordaan & Heystek, 1993:2). Navorsers het aangetoon dat geluk gedurende hierdie tyd verband hou met die bewustheid van noodsaaklike veranderinge en die energie wat in die beplanning daarvoor gaan (McMillan, 1993:2).

Heelwat is geskryf oor sosiologiese, finansiële en sielkundige fasette van aftrede. Hierdie artikel wil die fokus meer plaas op die godsdienstige kant van aftrede, naamlik ’n liturgie van aftrede. Die begrip liturgie (diens van die volk aan God) kan nie tot die erediens of samekoms van die gemeente op ’n Sondag beperk word nie. Die liturgie van die samekoms vloei oor na die gewone lewe (Bridges, 1998:240). Dit gebeur deur die wegstuurseën in die samekoms, waardeur die volk van God onder sy seënende hand weggestuur word om die verering van en gemeenskap met God in hulle huise en in die samelewing voort te sit (Vos & Pieterse, 1997:256). Die wisselwerking tussen die liturgie van die samekoms en die liturgie van die lewe (ook in die beroepslewe), kan beskryf word in terme van die sistoliese en diastoliese werking van die pompende hart in die liturgie (Barnard, 1997:292). Die erediens wil juis toerus vir die lewe: vir die daaglikse diens aan God en sy koninkryk, vir lewensheiliging, vir getuienis in die wêreld en vir roepingsvervulling.

Aftrede staan in noue verband met roepingsvervulling, want ’n sekere fase van roeping word afgehandel en ’n nuwe roeping word aanvaar. Vanuit die hoek van roeping kan moontlik gepraat word van ’n liturgie van aftrede. Hieroor is egter nog nie voldoende nagedink nie. Die probleem wat daarom in hierdie artikel aandag kry is watter aanduiding daar is vanuit die Bybel van ’n liturgie rondom roeping en watter praktiese riglyne gegee kan word aan persone wat aftree in die lig hiervan.

In die metode van hierdie artikel word aansluiting gevind by die model wat Zerfass (1974:166 e.v.) vir die Praktiese Teologie ontwerp het. Daarin word met basis-, meta- en praktykteorie gewerk.

## 2. Basisteoretiese beginsels: Afleidings uit roepings-liturgieë

Daar sal gepoog word om basisteoretiese beginsels te vorm, deur 'n eksegetiese ondersoek na Jesaja se roeping in Jesaja 6:1-13 en 'n oorsigtelike eksegetiese kontrole deur middel van die nagaan van twee ander roepingsgeskiedenisse (Luk. 5 en Openb. 1).

### 2.1 Jesaja 6:1-13

Brueggemann (1998:58, 60) beweer dat hoewel na hierdie perikoop verwys kan word as 'n roepingsnarratief, of as 'n "profetiese roepingsgenre" (Lind, 1997:317), dit ook die boek se profetiese gesag kan aandui. Verder toon Brueggemann (1998:58) oortuigend aan dat die perikoop beskou kan word "*as a classic outline of right worship, which is sequenced as (a) praize (vv. 1-4); (b) confession (v. 5); (c) forgiveness (vv. 6-7); and (d) commissioning to a prophetic vocation (v. 8)".* In navolging van Brueggemann word vermoed dat dié roepingsvisioen en ander roepingsverhale duidelike liturgiese aspekte bevat. Dit word in hierdie deel verder nagevors.

Hoofstuk 6 staan bo die omliggende dele uit as 'n reuse spits en is van sentrale belang vir die betekenis van die hele boek. Die vier "wee's" van Hoofstuk 5 en Hoofstukke 1-5 as geheel, beskryf die groot probleem van korrupsie en die oordeel daaroor. Die volk was op daardie stadium in ernstige politieke nood weens die dreigende Assiriese gevaar (Lind, 1997:317). Om hierdie historiese situasie aan te roer, roep God sy profeet (6:1-8) om 'n spesifieke boodskap aan die volk oor te dra (6:9-13). Die perikoop beweeg van 'n visioen van God (v. 1-4), na die belydenis van sonde (v. 5), na reiniging en versoening (v. 6-7), na 'n verbintenis tot 'n opdrag (v. 8) tot by die uitstuur van Jesaja om 'n spesifieke boodskap te verkondig (v. 9-13; Webb, 1996:58).

#### 2.1.1 Jesaja 6:1-4

Die visioen se doel is om 'n aanduiding te gee van Jesaja se onmiddelike en regstreekse belewing van God se heiligheid:

> The account reports an activity in the throne room of heaven where the holy God sits, high and elevated in splendor, surrounded by awesome and impressive attendants to the divine presence (Brueggemann, 1998:58).

Jesaja gebruik die woord "sien" maar verskaf nie hier 'n visuele skets van die Here nie en die serafs word ook nie in besonderhede

beskryf nie. Wat van hulle gesê word dien slegs om die heiligheid van die Here te beklemtoon. God word hier "Here" genoem om te beklemtoon dat Hy met koninklike heersersmag alles regeer. Daarom is daar 'n skerp teenstelling tussen die "Here van die leërskare" en koning Ussia wat dood is en dus geen mag meer het nie. Hierdie titel vir die Here word in die Ou Testament baie seldsaam gebruik (by Amos en Hosea glad nie en slegs een keer in Jeremia), maar in Jesaja kom dit 62 keer voor (Lind, 1997:319). Dit gee aan die boodskap wat hierdie profeet aan sy volk moes bring, groot gesag. Die beskrywing van die troon as "hoog en verhewe", sluit aan by Jesaja se begrip van God. Die Here is só hoog verhewe dat slegs die onderste deel van sy kleed die hele tempel gevul het. Die kleed van die Here wys op sy vermoë om te regeer en ook sy heerlikheid en majesteit (Wildberger, 1991:260).

God het nie alleen verskyn in heerlikheid en majesteit nie, maar Hy was ook omring deur serafs. Serafs is hemelgeeste in wie God se heiligheid na vore tree. Hoewel hulle drie paar vlerke gehad het, het hulle slegs een paar nodig gehad om te vlieg. Met die tweede paar bedek hulle hul gesigte. Dit toon aan dat selfs hulle nie God se skittering kan verduur nie, soos wat mense nie in die son kan kyk nie (Calvin, 1958:203). Met die derde paar vlerke het hulle hul voete bedek as 'n wyse van spreek om nie hulle geslagsdele te noem nie (Wildberger, 1991:263). Die motief waarom die drie paar vlerke genoem word is dus om die absolute heiligheid van God weer te gee. Deur hulle woorde en aksies wys hulle wat die korrekte respons op God se heiligheid is, naamlik verering, diens en lofprysing (Webb, 1996:59). Die eerste handeling rondom die troon van God is die skynbaar eindelose verheerliking van die koor van die serafs (die herhaling van "heilig, heilig, heilig"). Hulle sing van die heiligheid, die heerlikheid, die skrikwekkende heerskappy (*awesome governance*), die skoonheid, die onuitspreeklike majesteit van die Heerser oor die hemel en die aarde (Brueggemann, 1998:59).

In hierdie visioen is die heiligheid van die Here 'n dinamiese werklikheid wat op die voorgrond staan: die Here verskyn aan Jesaja in soveel heiligheid as wat die profeet kan verduur en daarom praat hy in metafore van 'n troon, 'n kleed en 'n tempel (Calvin, 1958:300). Die lied van die serafs begin met heiligheid ("heilig, heilig, heilig") en eindig met heerlikheid ("die hele aarde is vol van sy heerlikheid") (Wildberger, 1991:262). Die serafs is diep geroer deur sy heerlikheid wat ook die aarde beweeg om die volheid van sy heerlikheid uit te straal. Die heiligheid word openbaar in die

geskiedenis waarin Jahweh die Here en die Koning is (Lind, 1997:321). Heiligheid in die roeping van Jesaja

> … is seen in action when it destroys all the opposition which human beings set up over against God. It is his absolute will, his kingly majesty in the midst of his people, which will even cause him to be acknowledged by all the peoples of the world (Wildberger, 1991:266).

Die heiligheid reflekteer ook na die eindtyd waar God deur hemel en aarde besing sal word in dieselfde woorde van die serafs: "Heilig, heilig, heilig" (Openb. 4:8).

Samevattend kan van die eerste deel van die visioen gesê word dat dit God se heiligheid en heerlikheid sodanig skets, dat dit by almal wat betrokke was groot verwondering gebring het. Hierdie verwondering kan beskryf word as ontsag, eerbied, gegryp wees deur God se heiligheid en heerlikheid en dit moes oorgaan in lofprysing.

### 2.1.2 Jesaja 6:5

Die oorweldigende bewussyn van God se heiligheid (Jes. 6:1-4) staan in skerp kontras met vers 5. Die openbaring van God se heiligheid en heerlikheid vervul Jesaja met ontsetting en vrees by die gedagte aan sy eie en die volk se sonde (Brueggemann, 1991:59). Daarom roep hy uit: "Wee my, ek is verlore". Sy wesenlike bestaan word bedreig, want hy verwag onmiddelike vernietiging (Calvin, 1958:207). Webb (1996:59) gebruik die term *ruined* en dui aan dat *verlore* te swak is om die eintlike betekenis uit te druk. Die feit is dat niemand God kan sien en bly lewe nie.

Jesaja se verwagting dat hy vernietig sal word en dus verlore sal wees, kom ook vanuit sy besef dat hy nie in die lofprysing van die serafs kan deel nie, omdat hy onrein van lippe is. Daarom verwys hy na sy sondige toestand as "onrein van lippe". Sy lippe is onrein in teenstelling met die rein lippe van die serafs. Die *onrein lippe* beteken eintlik ook 'n onrein hart waaruit die onreinheid oor die lippe kom (Webb 1996:60). *Onrein* is nie 'n neutrale term nie: "Because if the secular intrudes upon the sphere of the most holy, it becomes unclean" (Lind, 1997:321). Jesaja dra nog 'n groter las, want hy verkeer ook onder 'n volk waarvan die lippe onrein is. Dit is merkwaardig dat die profeet hom vereenselwig met die soort sonde waarvan hy die volk in die vorige hoofstukke aangekla het (Franklyn, 1991:100).

Net soos die woorde saambondel om die heiligheid van die Here te beskryf, so hoop die terme op om sy verootmoediging te beskryf: *wee*, *verlore*, *onrein*! (Calvin, 1958:207). Dit is God se heiligheid wat die ware toestand van die profeet uitwys en nie 'n vergelyking met ander persone nie. Samevattend kan dus gestel word dat verootmoediging volg op die belewing van en insig in God se heerlikheid. Wanneer verootmoediging ontbreek, is daar heel waarskynlik 'n gebrek aan verwondering oor God.

### 2.1.3 Jesaja 6:6-7

Jesaja word bewus gemaak dat dit net uit genade is dat hy gekies is vir diens aan God, ten spyte van sy onrein hart en lippe (Wildberger, 1991:269). God wat kan vernietig in sy heerlikheid, het ook prosedures en bepalinge om die onreinheid te kan wegneem (Brueggemann, 1991:59). Die seraf neem 'n gloeiende kool van die altaar. Webb (1996:60) meen dit kan die wierookaltaar voor die voorhangsel in die tabernakel (tempel) wees (Eks. 28:1-6) óf die brandofferaltaar in die voorhof (Eks. 27:1-8). Wildberger (1991:269) is egter oortuig dat dit die wierookaltaar is, omdat die visioen in sy geheel in die heiligdom van die Here afspeel en omdat die offerdier op die brandofferaltaar in sy geheel verbrand word – dit is nie die handeling wat hier plaasvind nie. Hierdie altaar simboliseer in die visioen die voorsorg wat God in die tempel maak om sonde te kan wegneem. Die aanraak met die gloeiende kool het 'n volledig reinigende effek, wat in konkrete woorde beskryf word as "oortredinge vergewe, sonde versoen" (Gowan, 1991:174). Die handeling van die verwydering van sonde in hierdie visioen is dus simbool van goddelike vergewing (Wildberger, 1991:269).

Die teken van die kool help die profeet om die handeling van versoening te verstaan, want die kool vervul hier die funksie soos die sakramente dit doen sedert die Nuwe-Testamentiese tyd (Calvin, 1958:211). Die handeling van versoening word met die woorde *vergewing* en *versoening* buite die magiese geplaas, want dit is God self wat versoening bring. Omdat die versoening nie net plaasvind binne die raamwerk van die gesproke woord nie, maar ook binne 'n sakramentele handeling, word die profeet verseker van die goddelike krag in hierdie optrede van God. Sodoende verkry die profeet, as menslike instrument, 'n wettige plek in die heerlike teenwoordigheid van God (Webb, 1996:60). Samevattend kan dus gestel word dat versoening voortvloei uit God se genadige handelinge en dat dit in baie noue verband staan met die verwondering aan God se heiligheid en die mens se verootmoediging voor God.

### 2.1.4 Jesaja 6:8

In Jesaja 6:8 volg die rede waarom God in soveel majesteit aan Jesaja verskyn het, naamlik om hom by hernuwing as profeet in te stel (Calvin, 1958:212). Hierdie visioen word eers in Hoofstuk 6, ná sy eerste fase van profetiese arbeid, aan hom gegee. Die feit dat Jesaja nou in die heilige teenwoordigheid van God mag verkeer, is nie vir sy eie genieting nie. Die troonkamer van God is ook die raadskamer vanwaar God sy skepping en die geskiedenis bestuur (Brueggemann, 1991:60). Hiervoor het God 'n boodskapper nodig. God self kom aan die woord: "Wie kan Ek stuur? Wie sal ons boodskapper wees?" Dit is opmerklik dat God se raad hier bepaal dat daar nie 'n opdrag aan Jesaja gegee word nie, maar dat 'n vraag gevra word. Dit bied die geleentheid vir 'n vrywillige verbintenis tot diens aan God. Jesaja is vry om te kies en word in geen opsig gedwing om as boodskapper op te tree nie (Boogaart, 1992:16).

Onmiddelik, sonder om die koste te bereken, is die gereinigde en versoende mens bereid tot die werk in God se groot plan: "Hier is ek! Stuur my!" Dit is vir Jesaja 'n roeping en 'n daad van gehoorsaamheid waartoe hy hom verbind (Calvin, 1958:214). Wildberger (1991:270) beskryf dit só: "*After Isaiah has been 'atoned', he can become a tool for Yahweh, one who announces and carries out his will; out of visio proceeds missio.*" Wat Jesaja sien, hoor en ervaar vuur hom aan tot heilige geesdrif vir die werk van hierdie God. Daarom verbind hy hom tot diens. Samevattend kan dus gestel word dat verbintenis voortvloei uit verwondering, verootmoediging en versoening.

### 2.1.5 Jesaja 6:9-13

Die bekendmaking van die inhoud van die boodskap wat Jesaja moet bring dui aan waarom "lippe" en "mond" in verse 5-7 so prominent was: Die boodskapper moet God se mondstuk wees. God aanvaar Jesaja se verbintenis tot hierdie diens en die besonderhede van sy opdrag word nou gegee. Die buitengewone inhoud van die boodskap is een van oordeel: dit sal die harte verhard (vs. 9-10) en lei tot vernieting van sowel die land as sy mense (vs. 11-12). Die feit dat die volk nie sal reageer op die boodskap wat van God kom nie, sal 'n aspek wees van die oordeel van God oor hulle (vs. 9-10) – daarom sal hulle vernietig word en ballingskap ervaar (vs. 12; Webb:1996:61). Tog is daar 'n stukkie hoop in die laaste deel van vers 13: daar sal 'n stomp oorbly as die volk soos 'n boom afgekap is (Wildberger, 1991:271).

Die boodskap is dat hulle niks sal verstaan nie: "*It is the decree of Yahweh's government that Israel should have all of its senses dulled and numbed beyond notice*" (Brueggemann, 1998:61). Al hulle persepsie-organe, nl. hart, oë en ore moet misluk. Hulle moet so verdoof word dat hulle nie genees kan word nie. God wil 'n ongeneeslike volk hê! Die skok oor die inhoud van die boodskap laat die profeet vra: "Tot wanneer Here?" En die geweldige antwoord is dat die volk getermineer sal word. Die laaste deel van vers 13 wys haastig wat ná die verlies gebeur ('n stomp wat oorbly), maar slegs met 'n raaiselagtige soort sekerheid (Brueggemann, 1998:62). Hierdie unieke en amper vreemde inhoud van die opdrag aan Jesaja vorm deel van Jesus se dringende verkondiging (Matt. 13:14-15; Mark. 4:12; Luk. 8:10; Joh. 12:37-43). In Handelinge 28:26-27 verkondig Paulus met hierdie aanhaling dat die hardheid van die Jode se harte die oorsaak was dat die evangelie ook aan die heidene verkondig is.

Samevattend kan oor Jesaja 6:9-13 gestel word dat verkondiging deel uitmaak van die roeping van Jesaja en dat dit in noue verband staan met die verbintenis wat Jesaja gemaak het op grond van sy verwondering, verootmoediging en versoening wat hy van en teenoor God ervaar het.

## 2.2 Liturgiese afleidings uit Jesaja 6:1-13

Die visioen raak nie net Jesaja se persoonlike roeping nie, maar is ook gerig op Israel se mislukking om God se heerskappy te erken en om hulle tot bekering en genesing te bring (Harvey, 2000:98). Die liturgiese elemente in die perikoop is meer omvattend as die blote fokus op persone wat in die profetiese amp staan.

Uit die ondersoek van hierdie perikoop kan die volgende onderliggende liturgiese momente in die roeping van die individu en gemeenskap afgelei word:

- *verwondering* vir God se openbaring;
- *verootmoediging* in die besef van die geroepene se nietigheid en sonde in die teenwoordigheid van God;
- *versoening* as genadige handeling van God;
- *verbintenis,* omdat die versoening die geroepene bekwaam maak vir diens;
- *verkondiging* wat uit die verbintenis voortspruit.

### 2.3 Kontrole uit twee ander roepingsgeskiedenisse

Die afleidings uit Jesaja 6 moet oorsigtelik getoets word aan twee ander roepingsgeskiedenisse uit die Nuwe Testament, naamlik die roeping van Petrus as dissipel (Luk. 5:1-11) en die roeping van die apostel Johannes om die openbaring van Jesus Christus neer te skryf (Openb. 1:10-20).

#### 2.3.1 Verwondering

In Lukas se beskrywing van die roeping van Petrus (en ander dissipels) openbaar Jesus sy mag oor die natuur in die geroepenes se beroep wat hulle beoefen het (Berquist, 2004:63). Dit gaan om ’n nuwe roeping en daarom is moontlike liturgiese elemente hierin ook van belang. Die wonder van die visvangs was dat die normale patroon heeltemal verbreek word: visvangs was suksesvol met ’n lig in die nag en dan nie in die diep water nie (Goulder, 1994:318). Die groot vangs oortuig Simon Petrus van Jesus se goddelike mag en heerlikheid. Daarom val hy in ’n instinktiewe reaksie op sy knieë in eerbied en verwondering voor Jesus en spreek Hom aan as “Here” (Johnson, 1991:88). Lukas (Luk. 5:9) beskryf die verbasing en die verwondering van almal wat daar teenwoordig was.

In die openbaring van Jesus Christus as verheerlikte Here (Openb. 1:12-19) word die verskyning en die uitwerking daarvan op Johannes, asook die Here se roeping aan Johannes in ’n aangrypende visioen beskryf. Die beskrywing van die toneel en die goddelike opdrag om dit op te skryf, toon sterk ooreenkomste met die roepingsvisioen in Jesaja 6 (Osborne, 2004:78). In die detail-beskrywing gaan dit nie daaroor om ’n prentjie of portret van Jesus se wit hare, vlammende oë, brons voete en geweldige stem te teken nie, “*the accumulated images portray not his visage, but his power and glory*” (Osborne, 2004:89). Die feit dat die goue band om sy bors gedra is, toon byvoorbeeld aan dat Hy nie ’n gewone arbeider was wie se gordel om die heupe gedra is nie, maar beskryf Christus as die verheerlikte. Dit is ook die geval met die beskrywing van die voete en sy verskriklike stem. Die regterhand en die skerp tweesnydende swaard dui sy mag – veral sy ooreelsmag – en sy heerlikheid aan. Die tema van heerlikheid is oorweldigend (Biguzzi, 2003:383). Die uitwerking op Johannes is dat hy neergeval het en bly lê het soos een wat dood is. Dit dui sy verwondering (*awe*) aan, wat ’n skrikwekkende ervaring is.

Die openbaring van die heerlikheid van die Here en die verwondering wat dit bring, is ook in hierdie twee roepingsvisioene deurslaggewend.

### 2.3.2 Verootmoediging

In die geval van Petrus se roeping het die heerlikheid van Christus op hom ’n soortgelyke uitwerking as wat dit op Jesaja gehad het – albei vertolk hulle sondigheid in woorde (Bentley, 1992:70). Petrus doen dit deur te sê: “Gaan weg van my Here, want ek is ’n sondige mens”.

> By being designated as a ‘sinner’ (*hamartolos*), Peter is placed in the line of the prophets like Isaiah who responded to the sight of the glory of the Lord in a similar fashion (Johnson, 1991:88).

Wanneer Petrus self die groot mag en Jesus se heerlikheid sien, ontdek hy sy onwaardigheid en voel hy dat die Here nie genade aan so ’n sondige persoon soos hy kan bewys nie (Evans, 1990:290). By Petrus is daar dus duidelik ’n reaksie van verootmoediging en sondebelydenis.

Johannes word geheel en al deur die sien van die heerlikheid van die Here oorweldig. In die visioenêre toestand val hy magteloos voor die voete van Jesus, soos ’n lyk wat nie kan beweeg nie. Die verklaring van die “oorweldiging” lê nie soseer in die mens se broosheid nie, maar wel in sy sondigheid – hier, soos in Jesaja 6, voor die geweldige heiligheid van die Here (Aune, 1997:99). Die verootmoediging van Johannes kom nie verbaal tot uitdrukking nie, maar blyk uit sy liggaamstaal.

### 2.3.3 Versoening

In die woorde van Jesus lê die geheim van versoening: Petrus en die ander moenie vrees nie, want hulle word bekwaam gemaak om van nou af mense te vang. Jesus se krag in die wonder wat pas afgespeel het, sal die vrees wegneem en van die sondaar ’n bruikbare instrument in die hand van die Here maak. Hier word nie eksplisiet van versoening gepraat nie, maar dit is tog implisiet die grondslag van die feit dat hulle instrumente in diens van die evangelie kan wees (Goulder, 1994:320).

Ook in Openbaring 1 is ’n simboliese handeling eerder as regstreekse woorde, ’n aanduiding van die versoening. Die lê van die regterhand op Johannes is die teken van genade en gemeenskap met die apostel en daardeur stroom lewe en krag in hom (Aune, 1997:100). Die selfopenbaring van die verheerlikte Christus gee ook verdere sekerheid dat daar ’n versoende verhouding van Christus met Johannes bestaan.

### 2.3.4 Verbintenis

Die feit dat Petrus en die ander die vol nette en alles net so kon agterlaat om Jesus te volg, is ’n aanduiding van hulle totale verbintenis op grond van Jesus se roepstem (Goulder, 1994:320). Die openbaring van die heerlikheid van Jesus en die ontdekking van sy eie sondigheid en die opdrag van die Here om instrument vir die evangelie te word, was die finale kragte wat Petrus oorweldig het om sy lewe aan die Here te wy (Bentley, 1992:71).

Die verbintenis wat Johannes maak, word nie in die visioen van Hoofstuk 1 beskryf nie. Die feit dat hy egter in gehoorsaamheid oorgaan tot die skryf van die briewe aan die sewe gemeentes, is bewys van sy verbintenis (Beale, 1998:191).

### 2.3.5 Verkondiging

Die opdrag tot *verkondiging* kom in die woorde “Van nou af sal jy mense vang” (Luk. 5:10). Die werkwoord beteken hier dat hy mense lewendig sal vang. Hy sal dus dooie mense “vang” wat lewendig gemaak kan word deur die krag van Christus (Evans, 1990:292).

Dwarsdeur die Bybel is “handoplegging” ’n aanduiding van ’n opdrag wat gegee word en die deurgee van gesag en krag om dit te kan nakom (vgl. Hand. 6:6; 13:3; 1 Tim. 4:14; Heb. 6:2; Osborne, 2004:94). Johannes se opdrag om te skryf is ’n verkondiging van die betekenis van die toekoms vir die kerk in die hede.

Al vyf die liturgiese elemente wat in die roepingsgeskiedenis van Jesaja voorkom, kom ook eksplisiet of implisiet in die ander twee roepingsgeskiedenisse voor. Die basisteoretiese beginsels uit die roepingsgeskiedenisse is dus verwondering, verootmoediging, versoening, verbintenis en verkondiging.

## 3. Kursoriese metateoretiese perspektiewe op aftrede

### 3.1 ’n Literatuuroorsig

Dit is nodig dat metateoretiese perspektiewe bekom word om vas te stel hoe die basisteoretiese beginsels in die situasiewerklikheid gestalte kry. Venter (1996:189) meen dat onder die term *metateorie* die volgende verstaan moet word:

> … ’n teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat raakvlakke met ander vakke deel, dit wil sê vakke wat aspekte van dieselfde werklikheidsveld ondersoek.

Hierdie oorsigtelike ondersoek word deur middel van 'n literatuurstudie gedoen.

### 3.1.1 Aftrede en die ontwikkeling daarvan

'n Taamlik breë definisie van aftrede is die volgende: aftrede is 'n aksie waartydens 'n werker ophou om sy/haar hoofberoep te verrig, terwyl hy/sy steeds 'n inkomse ontvang in die vorm van pensioen. Die gevolg is dat 'n persoon nie meer werk in sy/haar beroep verrig net ter wille van 'n salaris nie, maar wel inkomste ontvang, mede deur die toedoen van sy vorige werkgewer (Eckley, 1989:8; Marais, 1993:1; De Beer, 1998:1). Omdat baie werkers voortgaan met arbeid op ander terreine, kan aftrede ook beskryf word as 'n radikale verandering en 'n voortgaande proses.

Aftrede is 'n taamlik onlangse verskynsel in die geskiedenis en begin eintlik eers ontwikkel in die kapitalistiese en marxistiese tydperke (De Beer, 1998:10). Tot op daardie stadium in die geskiedenis het mense gewerk so lank as wat hulle kon. Augustinus (4de eeu) het as deel van sy arbeidsbeskouing onderskeid gemaak tussen 'n aktiewe lewe (*vita activa*) en 'n lewe van bepeinsing (*vita contemplative.*) Die *viva contemplativa* verwys egter nie na volledige staking van arbeid nie (De Beer, 1998:13). Die Industriële Rewolusie aan die einde van die agtiende eeu neem werkers weg van hulle tuiste en lê swaar fisiese laste op hulle. Ouer werkers kon nie, soos voorheen, hulle werk afskaal nie, verloor hulle werk en is aan hulle eie lot oorgelaat. Die gemeenskap moes iets hieraan doen en so is pensioenskemas ingestel. Dit het in 1844 in België en Nederland begin (De Beer, 1998:33).

Die Reformasie van die sestiende eeu en die standpunte van Luther en Calvyn het 'n groot invloed gehad op die siening oor arbeid. In 'n soort geestelike rewolusie stel die Protestantse geloof arbeid as die basis en sleutel tot die lewe. Vir Luther is werk diens aan God en hy verwyder só die skeiding tussen geestelike vroomheid en betrokkenheid in die wêreld (Osgood, 1982:5). Vir Calvyn was werk 'n roeping wat die mens moet vervul – dit geld enige arbeid wat die mens op 'n gegewe tydstip moes verrig (Calvyn, 1988:3, 6, 10). Werk is later nie net meer gesien as 'n wyse waarop 'n bestaan gemaak moet word nie, maar as 'n lewenstyl wat alle aspekte van die lewe deurdring. Die mens se arbeid het begin om sy/haar verhoudings, waardes, tydskedules en psigologiese gesondheid te bepaal. Arbeid het die mens se lewensiklus geword, met aftrede as die finale fase in die siklus (Goudzwaard, 1993:111).

Eers in die twintigste eeu het mense lank genoeg bly leef om te kan aftree. In die Steentydperk was die gemiddelde lewensverwagting ongeveer 18 jaar, in die Romeinse tyd 22 jaar, in die Middeleeue 25 jaar en teen 1900 was dit 44 jaar (Van Niekerk, 1992:19). Vandag kan ’n Nederlandse man verwag om 76 en sy vrou 80 jaar oud te word (Van Hoorn, 1994:28). Owerhede het dus ruimte geskep vir die daarstelling van finansiële instellings om in die behoeftes te voorsien van werkers om na aftrede steeds versorg te kan word (De Beer, 1998:36). Die Bybel noem ten minste een voorbeeld van ’n professie waarin mans afgetree het en daarna op ander terreine diens gelewer het. ’n Leviet kon net tot sy vyftigste jaar as leviet diens lewer. Daarna kon hulle alleen maar ander leviete in hulle werk help (Num. 8:25, 26). Vandag bied aftrede ook die geleentheid om op ander terreine ’n roeping te vervul.

### 3.1.2 Oorgange en fases in aftrede

Aftrede is nie bloot ’n spesifieke gebeurtenis, soos ’n afskeidsfunksie en die opruiming van ’n lessenaar en dan is dit afgehandel nie. Aftrede is ’n proses wat deur verskillende fases beweeg (Osgood, 1982:300). Die laaste paar maande voor aftrede kan gepaardgaan met gemengde gevoelens en spanning, al sou die aftrede noukeurig beplan word. Daarna volg die eerste paar weke na aftrede – die sogenaamde wittebroodstyd. Dit is ’n tyd van nuwe vryheid, byvoorbeeld sonder om die horlosie dop te hou, vry van werkskedules, administratiewe rompslomp en persoonlike druk om sake af te handel. Die aanvanklike gevoel is dat die persoon in beheer van sy/haar tyd is en spontaan keuses kan maak. Die eerste twee maande is ’n tipe vreedsame rewolusie, maar dit kan op ’n wrede wyse opgevolg word deur ’n tydperk van verliesbelewing, ’n soeke na sin en selfs gepaardgaande depressie. Dan volg die tyd van stabiliteit waarin tot ’n besluit gekom is wat die nuwe lewenstyl moet wees. Hierdie verskillende fases volg nie noodwendig chronologies op mekaar nie en is ook nie noodwendig almal deel van elke persoon se ervaring nie (Gerdes, 1986:6-8).

### 3.1.3 ’n Oorsig oor die psigologiese en godsdienstige implikasies van aftrede

Oor die psigologiese en godsdienstige implikasies van aftrede is veel meer in die literatuur geskryf as wat in hierdie artikel weergegee word. Die wyse waarop ’n persepsie oor aftrede ontwikkel word, hang grootliks af van die persoon se eie gesindheid en verwagtings ten opsigte van aftrede. In ’n studie oor positiewe illusies ten opsigte van aftrede toon Gana *et al.* (2004:58-64) aan

dat persone wat hulleself jonger beleef as hulle werklike ouderdom ’n beter selfbeeld, beter gesondheid, beter benutting van ontspanningstyd en groter lewensvreugde ervaar as dié wat nie hierdie positiewe illusie (hulleself jonger beleef as wat hulle werklik is) het nie.

Tydens die jare van aftrede blyk twee duideike behoeftes, naamlik ’n behoefte na betekenisvolle verhoudings en ’n psigologiese nood om by een of ander arbeid (selfs sonder betaling) betrokke te wees (King, 2005:2, 3). Hierby word ’n positiewe beeld van die toekoms en van die persoon self gevoeg (Jordaan & Heystek, 1993:21). Die afgetrede persoon moet maniere vind waarop hy/sy intellektueel aktief kan bly – dit is belangrik vir sy/haar geestesgesondheid. Nuwe ondersteuningstelsels moet kom in die plek van sy/haar werk, status, posisie en mag. Ondersteuningstelsels, soos gesinsverhoudings en ander belangstellings (stokperdjies) moet die vorige ondersteuningstelsels vervang (Jordaan & Heystek, 1993:23).

In die gerontologie is min oor die godsdienstige effek van ouderdom of aftrede nagedink en geskryf. Die afgetrede persoon is deel van ’n funksionele gemeenskap wat ’n fokus op prestasie en beroepsukses het. Sy/haar wese tel hierin nie veel nie en daarom het aftrede ’n eksistensiële impak: wat is die betekenis van die lewe? Die ontdekking dat waarde in die oë van God eerder afhang van wie die persoon *is* as wat die persoon *doen*, het groot religieuse betekenis (De Jongh van Arkel, 1986:112). Die afgetredene kry geleentheid om na te dink oor geestelike doelwitte en die rol van godsdiens as ’n belangrike bron van krag in die lewe. Sodoende kan vrede gemaak word met die eie beperkings en die verganklikheid van die lewe (Jordaan & Heystek, 1993:22). Binne die raamwerk van skuldbelydenis en vergewing kan ’n lewensterugskouing gedoen word om die verlede en die verliese wat aftrede meegebring het, sinvol te verwerk. Alles deel van die skepping van ’n nuwe lewensruimte, bevry van die verlede en om jouself op ’n nuwe wyse voor God te vind (De Jongh van Arkel, 1986:114, 115).

Lewensheiliging moet veral ook as ’n voortgaande proses na aftrede indringende aandag kry (Venter, 1989:156). Geloofsbelewing in die aftrede kan wissel: navorsing oor geloofsgroei toon dat hoewel daar na aftrede ’n afname mag wees in sommige “geloofsaktiwiteite”, byvoorbeeld kerkbesoek as gevolg van gesondheidsprobleme, daar ’n sterkerwordende innerlike geloofsgerigtheid op God is (Venter, 1989:155). Geloofsgroei vind plaas omdat die afgetredene ’n geheeloorsig oor die lewe kan hê en so ’n geestelike sensitiwiteit

kan ontwikkel vir sy/haar plek in die geheel van God se skepping (Gerdes, 1986:15).

## 3.2 Empiriese gegewens

Heitink (1999:221) toon aan dat die woord *empiries* afgelei is van die Griekse woord *empeira* wat *ervaring* beteken. In hierdie artikel word 'n *kwalitatiewe* empiriese metode gevolg, deurdat semi-gestruktureerde onderhoude met 'n voorafgekose groep individue gevoer is en ook met 'n raamwerk van vrae gewerk word. Die vrae word dan verduidelik en dieper gedelf totdat die presiese bedoeling van die respondent bepaal is (vgl. Pieterse, 1990:83; 1998:191).

Daar is diepgaande gesprekke met vier afgetrede senior amptenare van 'n tersiêre inrigting gevoer. Al vier het ná hulle aftrede as senior amptenare op ander terreine diens gelewer en beskou laasgenoemde as 'n nuwe roeping. 'n Homogene groep is vir die empiriese ondersoek gekies om 'n basis van vergelyking daar te kan stel. Die liturgiese momente wat basisteoreties vanuit roepingsgeskiedenisse ontdek is, het as riglyn vir die gesprekke gedien. Die vier manlike Afrikaanssprekende persone word in die beskrywing van die resultate aangedui met R1, R2, P1 en D1.

Die volgende vraelys is as riglyn gebruik in die vier diepgaande gesprekke:

- Watter uitwerking het die naderende aftrede, die oomblik van aftrede en die tyd daarna (hierna "die aftrede") op jou *verwondering* van God gehad?
- Watter uitwerking het die aftrede op jou *verootmoediging* voor God gehad?
- Op watter wyse het daar ná die aftrede verdieping of vervlakking gekom in jou belewing van jou *versoening* met God?
- Hoe het die aftrede jou *verbintenis* tot ander (nuwe) diens aan God beïnvloed?
- Watter nuwe geleenthede tot *verkondiging* (getuienis) van God se groot dade het die aftrede meegebring?

### 3.2.1 Weergawe van die inhoud van die onderhoude

- **Inleidende opmerkings**

Aftrede is nie gesien as 'n sekere eindpunt nie, maar as 'n noodsaaklike fase in die lewe van die persone (P1, D1, R1 en R2).

Dit is dus ’n groot fout om te dink alles verander die oomblik wanneer ’n persoon uit sy hooftaak aftree en om daarom té veel te fokus op die punt van aftrede (P1).

- **Oor verwondering vir God**

Met aftrede het ’n geleentheid gekom om terug te kyk op die loopbaan tot dusver (D1) en dit is met groter verwondering dat gesien word hoe die hand van die Here hulle gelei het in die verloop van die loopbaan (D1, P1). God se beskikking wek verwondering, veral in die leiding om keuses te maak – daarin word die werk van die Heilige Gees duidelik waargeneem (D1). Die verwondering oor God en sy werk is nie iets wat skielik gekom het nie, maar dit is daar dwarsdeur die hele lewe (P1). Omdat daar na aftrede telkens ’n nuwe deur oopgegaan het, is dit meer as verwondering, dit is oneindige liefde vir God (R1). Hy voorsien elke dag en dit lei tot aanbidding (R1). Die oorweldigende gevoel by aftrede is dankbaarheid (R1, R2, P1 en D1) – dankbaarheid omdat hy alles met sy lewensmaat kon meemaak (P1), dankbaarheid omdat hy tot die laaste dag op kantoor sinvol besig kon wees (R2), dankbaarheid nie net vir wat ontvang is nie, maar ook vir wat hy kon gee (R1). Die verwondering strek verder – hoe bevredigend elke fase van die loopbaan was en dat alles van God se kant op sy pad gekom het, sonder dat hy daarvoor gesoek het (R2). Daar is ook verwondering oor God se hand in menseverhoudings en hoe wedersydse respek gegroei het (R2). Die verwondering het ook gegaan oor die genade dat die werk so geseënd was (R2, R1 en D1).

- **Oor verootmoediging voor God**

Die verwondering oor God laat hulle klein voel voor God, kinderlik klein en dit is verootmoediging (R1. R2). Voor aftrede was daar in die druk wat die program veroorsaak het, min tyd om nadenkend te leef. Besinningstyd gee geleentheid vir verootmoediging (D1). Soms was daar nie vrug op die werk nie en dit maak dat nou na aftrede ook daaroor verootmoediging en skuldbelydenis voor God moet wees (R1, D1). Geloofsgroei bring ’n groter sondebesef en dieper verootmoediging voor God (P1). Dwarsdeur sy loopbaan het die saligspreking hom bygebly: “Salig as julle wat weet hoe afhanklik julle is”. Dit het meegebring dat hy besef het dat hy swak is, soms op die randjie van die afgrond, verleë oor beperkings en daarom leef hy in ’n gees van ootmoed teenoor God (R2). Status het nie ’n rol gespeel nie, want daar was ’n kinderlike afhanklikheid, kennis van sy persoonlike grense en beperkings (R1, R2). Ten diepste het elkeen die gevoel van “verleë wees voor God” uitgespreek (D1, R1 en R2). Daar was ook die besef dat hy, weens sy sondige aard baie

foute in sy werk, teenoor mense, maar veral ook teenoor sy gesin gemaak het (R2).

- **Oor versoening met God**

Aftrede gee ook geleentheid vir nadenke oor die versoening met God gedurende die loopbaan en ook na aftrede uit die hoofwerksaamheid (D1, R1 en R2). Daar is baie foute, gebreke en misstappe, maar nooit twyfel aan die vryspraak en versoening met God nie (R1). Dus kon hulle as bevrydes voortgaan (R1, P1). Omdat die skuld voor God so groot is, is die versekering wat versoening bring nou nog meer belangrik, want dit het vrede in sy hart gebring (R2). Wat geweldig baie beteken is die wonder daarvan om gedoop te wees, want sy eie doop leer dat die Naam van die Here op sy kop is, oor hom uitgeroep is al het hy as kindjie niks daarvan geweet nie! Dit bring verwondering in die sekerheid van versoening (R2). Die versoening bied sekerheid wat spontaan uit geloof en uit die ervaring van God se hand in moeilike omstandighede groei (P1). Hy het die geskiedenis van God die Vader geken, maar nie die Verlosser nie. Later het die opgewondenheid oor verlossing en versoening deurgebreek en in die nuwe fase na aftrede bly hierdie versekering groei (D1). Aftrede het nie ’n bewuste verandering gebring in die versekering van versoening nie (R1).

- **Oor verbintenis tot diens aan God**

Na aftrede in die hoofwerksaamheid het daar nuwe geleenthede tot diens in die kerklike lewe gekom. Dit raak ook die nuwe roeping wat in die maatskapy tot hom gekom het en tot hierdie roepings het hy hom verbind (R2). ’n Ander ervaar dit dat daar na aftrede nie ’n nuwe verbintenis hoef te wees nie, omdat die lewe voortgaan (P1). Verbintenisse het dwarsdeur sy lewe ’n rol gespeel en is na aftrede losser as voorheen. Die probleem is dikwels dat die verbintenisse met die kerk van die Here gemaak word en nie met die Here van die kerk nie (D1). Daar is ’n kontinuïteit in die verbintenisse – omdat aftrede ’n oorgang is na ’n andersoortige roeping, vra dit telkens weer ’n vars verbintenis (R1).

- **Oor verkondiging van die groot dade van God**

Aftrede bring nuwe uitdagings en nuwe terreine word verken en so verhoog die moontlikheid van verkondiging ook (P1). Daar is minder geleenthede om vir ander kollegas en jongmense ’n voorbeeld te wees en daarom is die benutting van geleenthede moeiliker as in die normale werksituasie (D1). Die vrymoedigheid is egter groter, want die strakke riglyne waarvolgens hy moes optree, het verval (D1).

Omdat God deurgaans in doodloopstrate nuwe deure gemaak het, is daar talle geleenthede om op kreatiewe wyse God se grootheid en Sy dade te verkondig (R1). Die nuwe roeping gee geleentheid om jongmense op akademiese en ander gebiede onregstreeks in die geheime van die grootheid van God in te lei. Dit stimuleer die entoesiasme om op hierdie vlak getuienis te lewer (R2).

### 3.3 Samevattende gevolgtrekking oor die empiriese ondersoek

- Die antwoorde toon dat al die persone se lewens 'n konstante voortgang na aftrede het ten opsigte van verwondering, verootmoediging, versoening, verbintenis en verkondiging.

- Tog blyk dit by drie uit die vier dat aangesien aftrede die geleentheid bied om terug te dink, daar na aftrede verdieping plaasgevind het in die verwondering, verootmoediging, versoening, verbintenis en verkondiging.

- Die verwondering gaan hoofsaaklik oor dankbaarheid vir wat God in die lewens van die persone gedoen het en nie soseer byvoorbeeld oor God se skoonheid, sy heerlikheid, sy liefde, sy heiligheid en ander eienskappe nie.

- Die verootmoediging raak tereg afhanklikheid, skuldbesef, foute en misstappe aan en bring daarom skaamte en 'n skuldbelydenis. Niemand van die ondervraagdes dra dus 'n skuldgevoel wat remmend inwerk op nuwe roepings wat na vore kom nie.

- Die sekerheid van verlossing, vergewing en versoening leef sterk by al die persone. Dit speel 'n groot rol in die ervaring van vrede met God en vrede in elkeen se persoonlike lewe. Dit blyk baie belangrik te wees in al die fases na aftrede.

- Al die persone het na aftrede uit die hoofwerksaamheid ander roepings gekry en hulle daartoe verbind. Hieruit kan afgelei word dat nuwe verbintenisse van kardinale belang is in die lewe van 'n afgetredene.

- Nie al die persone is entoesiasties oor die geleenthede wat na aftrede vir spontane verkondiging ontstaan nie. Dat die getuienislewering meer aandag moet kry, blyk uit die antwoorde wat op hierdie spesifieke vraag gekry is.

## 4. Enkele praktykteoretiese riglyne vir 'n liturgie van aftrede

Daar sal gepoog word om praktykteoretiese riglyne vanuit die refleksiedomeine van basisteorie, metateorie en situasie/werklikheid (in hermeneutiese wisselwerking) weer te gee (Venter, 1996:198-200). Hier word nie algemene riglyne vir aftrede gegee nie, maar die riglyne word toegespits op 'n liturgie vir aftrede binne die raamwerk van die resultate wat tot dusver verkry is.

### 4.1 Algemene riglyne vir 'n liturgie van aftrede

- Aftrede as besinningstyd moet toegespits word op die dinamiese wisselwerking van verwondering oor God, verootmoediging voor God, versoening met God, verbintenis tot diens aan God en verkondiging van die heerlikheid van God. Elke liturgiese moment moet meehelp om tot vrede en innige gemeenskap met God te kom.
- Aftrede moet vanuit verskeie perspektiewe, maar veral ook vanuit 'n liturgiese perspektief gesien word, want dit kan aan die persepsie van aftrede 'n verdiepende dimensie gee.
- Met aftrede moet liturgies gehandel word om uiterstes, soos 'n gevoel van 'n bevrydende wittebroodstyd gevolg deur 'n neerdrukkende gevoel daarna, uit te skakel.

### 4.2 Verwondering

- Die verwondering oor God moet veral toegespits word op God se heiligheid, heerlikheid en almag en nie net op dankbaarheid teenoor Hom nie (soos uit die empiriese studie mag blyk).
- Die spesifieke oomblik van aftrede moet liturgies gevier word, ook deur van simboliek gebruik te maak. Dit kan 'n intieme oomblik in gemeentelike, kollegiale, vriende- of gesinskring wees.
- Een belangrike fokus in die periode van aftrede moet die viering van God se heilige en heerlike teenwoordigheid wees. Vierings-geleenthede hoef nie net die samekomste van die gemeente te wees nie, maar ook geleenthede saam met ander afgetredenes en die deel van verwondering oor God.
- Die ontwrigting wat aftrede mag bring, moet met die fokus op God se heerlikheid as anker hanteer word.

## 4.3 Verootmoediging

- Onder die besef van God se heiligheid, moet skuldgevoelens oor die verlede biddend onder leiding van die Heilige Gees verwerk word deur ernstige verootmoediging en skuldbelydenis.
- Omdat die klem na aftrede effens verskuif van wat ’n persoon moet *doen* na *wie* so ’n persoon is, moet lewensheiliging in hierdie fase aandag kry. Hierin speel verootmoediging ’n belangrike rol.
- Restitusie, as vrug van versoening, moet ook in die moment van verootmoediging aandag kry. Dit kan veral toegespits word op die afgetredene se gesin (wat dalk in die bedrywige lewe verwaarloos is) en op ander persone waaroor daar skuldgevoelens bestaan.

## 4.4 Versoening

- Die wonder van versoening met God in Christus deur die Heilige Gees moet besondere aandag kry, veral in die lig daarvan dat die afgetredene sy sterflikheid sterker besef. Dit vorm die grondslag van sekerheid oor lewe na die dood en singewing aan onder andere die ouderdom.
- Versoening moet feestelik gevier word in verheerlikende gebed, in die vreugdevolle saamkom met die gemeente en binne die gesinskring. Dit kan ook deur eenvoudige en paslike simbole gedoen word.
- Die betekenis van die twee sakramente as tekens en seëls van versoening, moet vars ontdek word. In die druk van ’n vol beroepsloopbaan kon die verband van sakramentsviering met versoening dalk afgestomp het.
- Vanuit die sekerheid van versoening moet die afgetredene homself gekonsentreerd toespits op geloofsgroei deur Bybelstudie, gebed, bepeinsing, gemeenskap met ander en deelname aan eredienste. Geloofsgroei in hierdie fase van die lewe is van wesenlike belang en kan soms maklik afgeskeep word.

## 4.5 Verbintenis

- In die groot veranderings van werkplek, beroepsverhoudings, status en dalk leefwêreld moet die afgetredene besef dat verbintenisse ankers is in onstabiele tye.

- Die persone moet dus daarop ingestel wees om doelbewuste verbintenisse voor God en teenoor God te maak ten opsigte van arbeid, dienslewering, voorbidding vir ander, die uitgebreide gesin en die samelewing.
- Verbintenisse moet gekonkretiseer word – dit kan onder andere gedoen word deur gesinslede as getuies te gebruik, dit op skrif te stel, simboliese handelinge, ensovoorts.
- Die hernuwing van lewenslange verbintenisse moet gedoen word ter wille van die eie en ander se lewensekuriteit. Dit sluit huweliks- en doopsverbintenisse in.

### 4.6 Verkondiging

- Die afgetredene moet 'n nuwe roeping of groter rustigheid sien as unieke geleenthede tot getuienislewering. In die empiriese ondersoek was dit die één aspek wat by almal meer aandag moes kry.
- In die toespitsing op getuienis moet die afgetredenes individueel of gesamentlik besin oor geleenthede en metodes. Onderlinge beraadslaging en inspirasie het 'n groot uitwerking om vrymoedigheid en vaardigheid te verleen om getuienis te kan lewer.
- Die afgetredene moet kontak hou met vorige kollegas, om sodoende te verseker dat daar modelering kan plaasvind. Die getuienis deur die lewe van 'n blymoedige en vergenoegde afgetredene is van groot belang.

## 5. Slotopmerkings vir 'n liturgie van aftrede

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die lewe van die afgetrede verryk kan word deur aandag te gee aan 'n liturgie van aftrede. Die liturgiese beginsels uit die roepingsgeskiedenisse, in wisselwerking met die praktyk kan verdere kreatiewe riglyne vanuit die geledere van afgetredenes na vore bring.

## Geraadpleegde bronne

AUNE, D.E. 1997. *Revelation 1-5: Word biblical commentary*. Dallas: Word Books.

BARNARD, A.C. 1997. *Sondag en Sondagviering.* Deel II. Voortrekkerhoogte: Makro Boeke.

BEALE, G.K. 1998. John's use of the Old Testament in Revelation. *Journal for the study of the New Testament. Supplement Series,* 166.

BENTLEY, M. 1992. *Saving a fallen world: Luke simply explained.* Durham: Evangelical Press.

BERQUIST, J.L. 2004. Luke 5:1-11. *Interpretation,* 58(1):62-64.

BIGUZZI, G. 2003. A figurative and narrative language grammer of Revelation. *Novum Testamentum,* 45(4):382-402.

BOOGAART, T.A. 1992. The world of the prophets revisited. *Reformed Review,* 46:5-19.

BRIDGES, J. 1998. *The joy of fearing God.* Colorado Springs: Waterbrook.

BRUEGGEMANN, W. 1998. *Isaiah 1-39*. Louisville: Westminister John Knox Press.

CALVIN, J. 1958. *Commentary on the book of the prophet Isaiah.* Vol. 1. Grand Rapids: Eerdmans. (Calvins Commentaries.)

CALVYN, J. 1988. *Institusie van die Christelike godsdiens.* Dl. 3. Uit die Latyn vertaal deur H.W. Simpson. Potchefstroom: CJBF.

DE BEER, E.J. 1998. *’n Teologies-etiese beoordeling van aftrede.* Potchefstroom: PU vir CHO. (Th.M.-verhandeling.)

DE JONGH VAN ARKEL, J.T. 1986. Religion. (*In* Steyn, D.W. *Creative retirement.* Pretoria: UNISA. p. 109-123.)

ECKLEY, S. 1989. Probleme van en moontlikhede vir die bejaarde. (*In* Van der Walt, B.J., *red*. *Vensters vir bejaardes*. Potchefstroom: PU vir CHO. p. 6-11.) (Instituut vir Reformatoriese Studie. Reeks F3: Studiestuk nr. 34.)

EVANS, C.F. 1990. *Saint Luke.* Philadelphia: Trinity Press International. (TPI New Testament Commentaries.)

FRANKLYN, P.N. 1991 Preaching on the call to prophecy in Epiphany. *Quarterly Review,* 11:96-107.

GANA, K., ALAPHILIPPE, D. & BAILLY, N. 2004. Positive illusions and mental and physical health in later life. *Aging & mental health,* 8(1):58-64.

GERDES, L.C. 1986. Adjustment to retirement. (*In* Steyn, D.W. *Creative retirement*. Pretoria: UNISA. p. 1-16.)

GOUDZWAARD, B. 1993. Economic life: A confession. (*In* Van der Walt, B.J., *red*. *Venster op bestuurstegniek: ’n uitdaging vir Christensakelui.* Potchefstroom: PU vir CHO. p. 102-114.) (Instituut vir Reformatoriese Studie. Reeks F: Studiestuk nr. 43.)

GOULDER, M.D. 1994. Luke: A new paradigm. *Journal for the study of the New Testament. Supplement Series, 20.*

GOWAN, D.E. 1991. Isaiah 6:1-8. *Interpretation*, 45:172-176.

HARVEY, B. 2000. On seeing: Isaiah 6:1-12. *Review and Expositor,* 97:97-104.

HEITINK, G. 1999. *Practical Theology: History, theory, action domains*. Translated by Reinder Bruinsma. Grand Rapids: Eerdmans.

JOHNSON, L.T. 1991. *The Gospel of Luke.* Collegeville: The Liturgical Press. (Sacra Pagina series, vol. 3.)

JORDAAN, J. & HEYSTEK, M. 1993. *Beplan só vir ’n gelukkige aftrede: Die wenresep in die nuwe Suid-Afrika.* Stellenbosch: Helderberg Uitgewers.

KING, A. 2005. Striking a cord. *Missisippi Business Journal,* 27(5):4-7.

LIND, M.C. 1997. Political implications of Isaiah 6: Writing and reading the scroll of Isaiah. *Studies of an interpretive Tradition*. Supplement to *Vetus Testamentum*.

MARAIS, W. 1993. *Afgetree! Wat nou?* Pretoria: HAUM.

McMILLAN, M. 1993. *Coping with retirement.* Halfway House: Southern Book Publishers.

OSBORNE, G.R. 2004. *Revelation: Baker exegetical commentary on the New Testament*. Grand Rapids: Baker Academic.

OSGOOD, N.J. 1982. *Life after work: Retirement, leisure, recreation and the elderly.* New York: Praeger.

PIETERSE, H.J.C. 1990. Die praktiese teoloog en empiriese navorsing. (*In* Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. *Eerste treë in die praktiese teologie*. Pretoria: Gnosis. p. 75-87.)

PIETERSE, H.J.C. 1998. A theological theory of communicative actions. *Religion and Theology*, 5(2):176-194.

VAN HOORN, M. 1994. Opgaan, blinken, maar niet verzinken. *Koers*, 25(20):28-30.

VAN NIEKERK, R. 1992. *Senior ... en gelukkig.* Wellington: Bybelkor.

VENTER, C.J.H. 1989. Die bejaarde se persoonlike geloofslewe. (*In* Van der Walt, B.J., *red*. *Vensters vir bejaardes*. Potchefstroom: PU vir CHO. p. 154-157.) (Instituut vir Reformatoriese Studie. Reeks F3: Studiestuk nr. 34.)

VENTER, C.J.H. 1996. Die Woord in die werklikheid: Wetenskapsteoretiese perspektiewe op diakonologie. *In die Skriflig*, 29(1 & 2):181-202.

VOS, C.J.A. & PIETERSE, H.J.C. 1997. *Hoe lieflik is U woning*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

WEBB, B.G. 1996. The message of Isaiah*:* On eagles' wings*.* The Bible speaks today. (*In* Motyer, J.A. T*he Old Testament Series*. Illinois: InterVarsity.)

WILDBERGER, H. 1991. *Isaiah 1-12: A Commentary.* London: Fortress.

WINFIELD, R. 2004. Change of life executive wellness. *Professional management review,* 65, Jun.

ZERFASS, R. 1974. Praktische Teologie als Handelungswissenschaft*.* (*In* Klostermann, F. & Zerfass, R. *Praktische Teologie heute*. München: Kaiser. p. 164-177.)

## Kernbegrippe:

aftrede
liturgie
roeping
verbintenis
verootmoediging
verwondering

## Key concepts:

calling
commitment
humiliation
liturgy
retirement
wonder